NGK SINODE GOUDLAND

GOUDPOS

NUUSBRIEF NR 27 - 2018 • WWW.GOUDLAND.ORG.ZA

NUUS VAN ONS GEMEENTES

Gesprek met Michael Moynagh oor Gestuurde Kerkwees

Op die foto verskyn Nico van Rensburg en Anton Fick saam met Michael Moynach (regs), wat die afgelope week (21 Februarie) 'n gesprek oor Fresh Expressions in 'n missionale raamwerk by Constantia gemeente gevoer het.

NUUS VAN ONS SINODE

Hermeneutiese Konferensie: 5-6 Maart 2018

Die Hermeneutiese Konferensie sal DV gehou word te Vaal de Sioleh op die Venterkroon pad, net buite Parys, langs die Vaal Rivier. Die Sinode subsidieer die konferensie gedeeltelik om dit vir elke predikant van Goudland Sinode so maklik as moontlik te maak om dit by te woon. Dit sal slegs R400,00 per persoon vir die 2 dae beloop, wat slaapplek en etes insluit. Ons hoop en vertrou dat al die predikante die belangrikheid hiervan sal besef en moeite sal doen om dit by te woon en dat hulle Kerkrade dit vir hulle moontlik sal maak.

Om julle aptyt te wek, kan julle solank die volgende dokumente rondom die konferensie hier aflaai en lees, sodat julle voorbereid sinvol aan die gesprekke kan deelneem:

- Hoe verstaan ek wat ek lees - Chris van Wyk 2018
- Verstaan ons wat ons lees - James Kirkpatrick 2018
- Geen Ander Evangelie - Paulus se brief aan die Galasiers
- Konferensie-program

#Imagine Ervaring 2018

As jy dalk nog gewonder het oor Imagine en wat dit is, gaan besoek ons webwerf: imaginemovement.co.za en lees meer oor die DNA van Imagine en kyk 'n paar videos om jouself te vergewis en saam opgewonde te raak as jy nog nie opgewonde is nie!

Wat gebeur in 2018?

In 2018 bied Vrystaat, Noord Kaap, Natal en Noord Wes vir die eerste keer hul eie ***#Imagine Feeservaring*** aan op NAMPO Park. Die Feeservaring gaan bekend staan as #Imagine Sentraal. Dit beteken dat daar op dieselfde datum hierdie jaar vier feeste regoor die land gaan wees! Die getuienisse van jongmense se ervarings op Imagine getuig van die "amazing" werk wat gedoen word. Gaan lees en luister gerus op die webwerf hierna.

Ons wil julle en julle tieners uitnooi om deel te wees van hierdie jaar se feeservaring! Die Feeservaring staan nie op 'n eiland nie, maar stuur julle kinders terug in julle gemeente, skole en gemeenskap in as veranderde jongmense wat die wêreld verander!

Ons het 'n Roadshow span wat graag by julle skole in die dorp die tieners wil opgewonde maak oor #imagine. Kontak asb vir Tertius Nieuwoudt as die span nog nie by julle was nie.

Kontak ons as jy meer wil weet of meer betrokke wil raak:

Ds Dawfré Theron – Potchefstroom Die Bult – 082 899 3959 - dawfre.theron@gmail.com
Ds Ettienne Engelbrecht – Drie Riviere-Oos, Vereeniging - 082 850 7807 - efengelbrecht@gmail.com
Tertius Nieuwoudt – Oase Gemeente, Klerksdorp - 079 763 3697 - t.nieuwoudt@icloud.com

Namens die Goudland Imagine Feeslede!

NUUS UIT DIE KANTOOR VAN DIE ALGEMENE SINODE

Gelukwensing aan ons nuut verkose President namens die NG Kerk

Dr Gustav Claassen het namens die volgende brief van gelukwensing aan pres Cyril Ramaphosa gestuur (klik om te lees): http://kerkbode.christians.co.za/2018/02/21/geluk-pres-ramaphosa/?utm_source=newsletter&utm_medium=email&utm_content=hier&utm_campaign=VrydagNuus%202018

Geluk aan ons nuwe president!

In 'n mediaverklaring van 17 Februarie 2018 het biskop Malusi Mpumlwana, algemene sekretaris van die SARK, pres. Cyril Ramaphosa gelukgewens met sy verkiesing. Terselfdertyd het die SARK alle gemeentes opgeroep om met hernude erns weekliks voorbidding te doen vir die president en sy kantoor. Die verklaring is hier.

Verkiesing van skoolbeheerliggame

Die Minister het reeds afgekondig dat die driejaarlikse verkiesings vanaf **1 – 31 Maart** vanjaar moet plaasvind. Dit is 'n saak waaroor voorbidding gedoen moet word gegewe die uitdagings wat onderwys op elke vlak landwyd ervaar. Lidmate moet aangemoedig word om nie net deel te neem aan die verkiesings nie maar hulle ook besikbaar te stel om in die beheerliggaam te dien.

Dit is 'n baie belangrike en omvangryke verkiesing met sowat 300 000 mense wat in 23 719 skole verkies moet word. Dit is inderdaad 'n wonderlike geleentheid om diensbaar te wees en 'n verskil te maak. Vir die NG Kerk is die vennootskap tussen kerk, skool en ouers van onskatbare belang.

Gustav Claassen
Algemene Sekretaris: Nederduitse Gereformeerde Kerk

NUUSBROKKIES

Wees self die leiers, sê Madonsela

"Neem die eerste stap na die wêreld waarin jy wil leef," het prof Thuli Madonsela, vorige Openbare Beskermer van Suid-Afrika, gesê tydens die jaarlikse teologiese dag van die Fakyulteit Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch. Lees hier verder: http://kerkbode.christians.co.za/2018/02/12/wees-self-die-leiers-se-thuli/?utm_source=wysija&utm_medium=email&utm_campaign=KB16022018

Wêreldbiddag vir Vroue 2018

Die tema vir vanjaar se Wêreldbiddag vir Vroue is *"Hoe wonderbaar is u skepping!"* Die skrywer-land is Suriname.

Kry die bestelvorm om programme sowel as plakkate, CD's, 'n Powerpoint-aanbieding en ander materiaal deur vroegtydig te bestel, hier: http://www.wwdp.co.za/information

NCLS opname 2018: Verstaan jou gemeente beter

Die volgende rondte van die NCLS-opname in Suid-Afrika begin in Augustus. Hierdie is die grootste opname onder erediensgangers in die wêreld. Ons nooi julle uit om aan hierdie rondte, wat vanjaar begin en tot in 2020 duur, deel te neem.

NCLS staan vir "National Church Life Survey". Dit is 'n kerklike navorsingsinstituut in Australië en ons werk sedert 2010 met hulle saam. Klik hier om direk na hulle webblad te gaan vir meer inligting.

NCLS se visie is florende gemeentes met 'n diep verstaan van hulle rol en roeping in 'n veranderende samelewing. Hulle oogmerk pas dus perfek in by die groot beweging van die NG Kerk om ons gestuurde roeping te onderskei en uit te leef.

Die manier waarop die opname werk, is om gedrukte vraelyste wat voorsien word, in 'n erediens uit deel en te laat invul. Hierdie vraelyste word dan teruggestuur vir verwerking.

Die opname gaan oor drie kernkwaliteite van 'n gemeente se lewe:

1. Die innerlike kwaliteite van gemeentelede se geloof, aanbidding en hulle belewenis om te behoort.
2. Inspirerende kwaliteite wat gaan oor visie, leierskap en innovering.
3. Uitwaartse kwaliteite wat vra oor gemeentelede se diens aan ander, hoe hulle geloof deel en ander insluit.

Die uitsette van die opname gee vir gemeentes en die leierskap van die kerk 'n betroubare prentjie van lidmate se gewoontes en houdings. Dit gee ook gereedskap om raak te sien watter tendense bestaan en watter aanpassings in die bediening nodig is sodat die gemeente gesond en groeiend kan wees. Die krag van hierdie opname lê daarin dat die data uit die opname omgesit word in kennis wat jy in jou gemeente kan gebruik.

Hierdie e-pos is om julle te herinner om voorsiening te maak in julle begroting sodat julle kan deelneem. Jy moet genoeg vorms bestel sodat almal in 'n normale erediens een kan invul. Die koste struktuur is soos volg:

Aantal vraelyste	Koste (Rand)
150	2800
300	3800
450	5000
600	5500
750	6500
1000	8000
2000	12000
3000	16000
4000	20000
5000	25000

Hierdie fooi sluit alles in – die vraelyste, verwerking daarvan, terugvoer, 'n werkboek en toegang tot 'n werkswinkel.

Dr Lourens Bosman - Algemene Bestuurder: Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk
Kantoor: 012 342 0092 - Lourensb@ngkerk.org.za

KURSUSSE, LESINGS EN SIMPOSIUMS

An invitation to a unique opportunity:

A two-day symposium with renowned preacher and homiletician prof Tom Long

Theme: Preaching from memory to hope

When: **19 & 20 March 2018 -** Time: 9:00-16:00

Where: NG Stellastraat

Coast: R480-00 (inclusive of lunch and refreshments)

(Voltooi asseblief die die inskrywingsvorm en stuur na excelsus@up.ac.za

Prof Long is een van die bekendste en mees gerespekteerde homilete en sy boeke oor prediking en erediens word wêreldwyd voorgeskryf vir studente. Hy het ook in Suid-Afrika oor baie jare invloed op ons homiletiese landskap uitgeoefen. Sy boek The Witness of Preaching is in verskeie tale vertaal. Beyond the worship wars – building vital and faithful worship is wyd gelees en deur baie gemeentes en kerkrade bespreek.

Baylor Universiteit het hom in 1996 as een van die invloedrykste predikers van die laat 20ste eeu benoem, in dieselfde asem as mense soos Fred Craddock, Billy Graham, James Forbes, Barbara Brown Taylor en William Willimon.

Preaching Magazine het The Witness of Preaching in 2010 as een van die 25 mees invloedryke boeke in homiletiek oor die laaste 25 jaar aangewys. 'n Verdere invloedryke boek is sy Yale-lesings wat in 2009 as Preaching from memory to hope gepubliseer is. Hier is 'n skakel na die Amazon-bladsy waar sy boeke gelys word.

Hy het homiletiek aan Princeton Theological Seminary doseer voordat hy 'n soortgelyke pos by Emory Universiteit se Candler School of Theology aanvaar het. Hy het ook klasgegee by Erskine en Columbia.

Hy word vergesel deur sy vrou, Kimberly, ook 'n homileet wat doseer het by Columbia Theological Seminary. (met dank aan GrensPos)

Excelsus werkwinkels

Ons bring graag die volgende werkswinkels onder u aandag:

- **5-7 Maart 2018** - **Brightstar Leierskapontwikkeling** vir persone in die bediening (18 VBO-punte)
  RSVP asb voor of op 28 Februarie. Kontak Mickey by info@soulmatters.org.za of bel 066 201 2552.
- **19 Maart 2018** - **Tydsbestuur** vir persone in die bediening (6 VBO-punte)
  RSVP asb voor of op 14 Maart. Kontak Mickey by info@soulmatters.org.za of bel 066 201 2552.

Ethics symposium on Gender and Sexual diversity.

University of Pretoria: **24 March 2018**

Time 07:00 to 13:00

Venue: Lecture hall 4-27, HW Snyman Building, Faculty of Health Sciences, Dr Savage Road, Gezina, Pretoria.

3 VBO - punte word vir bywoning toegeken.

Vir meer inligting en inskrywings raadpleeg asseblief die aangehegte uitnodiging.

INTERESSANTE ARTIKELS

Creation is Salvation

Danie Mouton verwys in sy Sinodale Nuusbrief, Grenspos, na hierdie insiggewende artikel, wat ook sal help in die gesprek rondom hermeneutiek:

The interpretation of scripture – and especially the interpretation of the creation narratives contained in scripture – comprises one of the most significant points of conflict in the discussion of the relationship of science and the Christian faith within the church. There is a gut reaction on the part of many Christians that faith is the underdog, forced always to accommodate itself to the high priest of science. The clear, traditional reading gives way to secular reason and naturalism. This

scenario is not entirely accurate however. It is true that discoveries of science, archaeology, and geography force us, at times, to reconsider our interpretation of parts of scripture. But it is not true that there was one universal accepted interpretation prior to the modern era. The history of biblical interpretation is far more complex.

Peter Bouteneff's book *Beginnings: Ancient Christian Readings of the Biblical Creation Narratives* explores the use of the creation narratives in Second Temple Judaism (ca. 200 BCE to 100 CE), in the New Testament, and in the writings of the early church fathers through the first four centuries of the church. It is a fascinating book. Lees meer hieroor: https://musingsonscience.wordpress.com/2018/02/15/creation-is-salvation/

■ 'n Refleksie op Lydenstyd

Deur die eeue heen het Chistene Lydenstyd gevier. Binne die Gereformeerde tradisie het ons eers die laaste paar dekades begin dink oor die geloofsdissiplines wat gepaard gaan met Lydensyd. In hierdie artikel word daar kortliks prakties verduidelik watter geloofsdissiplines tydens Lydenstyd beoefen kan word en hoe dit as individu en as gesin saam beoefen kan word... lees gerus hier verder.

Kleure wat in Lydenstyd gebruik word:

1. Op As-Woensdag (hierdie jaar was dit op 14 Februarie), is die kleur grys. Daarna vir die res van Lydenstyd word donker aardse kleure voorgestel - die kleur pers kan hier gebruik word.

2. Die kleure van die Groot Lydensweek en Paasnaweek (30 Maart - 2 April), is belangrik omdat dit die dramatiese karakter van hierdie tyd kan onderstreep. Vanaf Palmsondag tot die Donderdag vóór Goeie Vrydag, word 'n dieprooi gebruik om die bloed van Christus te

3. Op Goeie Vrydag en die daaropvolgende Saterdag, word geen kleure of enige versierings gebruik nie. Die weerhouding van versierings staan in kontras met die baldadigheid van die versierings en kleure wat op Paassondag en die tyd daarna, gebruik word. (met dank aan VrydagNuus)

■ Klimaatsverandering: hier is wat ons kan doen

Die Verenigde Nasies (VN) se fokus op volhoubare ontwikkeling is 'n omvangryke wêreldwye projek. Gelukkig kan elkeen deel van die oplossing wees om klimaatsverandering teen te werk.

Die VN deel eenvoudige en praktiese maniere om ons roetine aan te pas en 'n groot verskil te maak, selfs al ontspan jy op jou rusbank! Lees hier. (met dank aan VrydagNuus)

BYBEL MEDIA

■ Lees in die jongste Kerkbode ...

Kerkbode van 16 Februarie 2018 het twee sterk verhale waarin versoening 'n sentrale tema is. Die een kom uit Coligny in Goudland-sinode, en die ander uit Graaff-Reinet in die Oos-Kaapse sinode.

- Lees ook hoe dominee Nico Swart wonderlike kollegas tydens sy pelgrimstog gedurende sy Sabbatsverlof ontdek het.
- Daar is verhale oor 'n groentetuin op 'n sypaadjie, 'n beloofde land in Ga-Rankuwa en 'n leesprojek vir kinders.
- Lees verder oor die kerk se reaksie op die droogte, oor die jongste verwikkelinge in die hofsaak oor die kerk se besluite oor selfdegeslagverhoudinge, oor die Teologiese Dag op Stellenbosch, oor die NG Kerk se verhoudinge met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika – en nog heelwat meer.

KERKBODE

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

16 Februarie 2018 — BM Bybel-Media — Deel 200 – Nommer 2

Kom deel in God se oorvloed

NELIS JACKSON

Kersfonds

Lees in die Maart-uitgawe van LiG ...

In die Maart-LiG vloei ons harte oor van hoop! Ons ry saam op 'n boeke-bus wat hoop vir kinders bring. En vertel van 'n ouma wat deur haar seun se dood en haar eie kanker steeds sê: "God is goed!"

- Hanna Grobler en Liza Brönner vertel dat hul vriendskap 'n seën van God is.
- Predikant, Jaco Strydom, inspireer ons om te lééf soos ons glo.
- Vir ouers is daar uitstekende raad oor hoe om vir jou kind 'n emosionele woordeskat aan te leer; oor die verhouding tussen jou en jou kind se onderwyser; en hoe om jou tiener met jou te laat praat.
- Ons ondersoek hoe om depressie by bejaardes te hanteer. En kyk wat God se idee met die huwelik is.
- Lees ook van hoopgewers deur die geskiedenis, en van Jesus – ons "Lewende hoop".

Gespreksbord vir volhoubare missionale kerkwees

Gemeentes wat missionaal oor hul toekoms wil nadink het nou geleentheid om dit met 'n nuwe produk van Bybel-Media, 'n missionale gesprekbord, te doen. Dit is in samewerking met Communitas ontwikkel.

Dit help deelnemers om bewus te raak van die huidige funksionering van hulle gemeente en die bedieningskeuses wat daaragter lê.

Tweedens sluit dit vir hulle moontlikhede oop wat binne ons huidige kerkreg aanvaarbaar is. Dit maak gelowiges se verbeelding los oor hoe hulle hulle as 'n plaaslike gemeente nuut kan posisioneer om aan God se groot beweging in die wêreld deel te neem.

Let daarop:

Hierdie produk vorm deel van 'n gefasiliteerde proses. Dit is ontwikkel saam met Communitas se fasiliteerders.

Ons beveel aan dat gemeentes wat die gespreksbord wil aankoop eers met Communitas skakel om seker te maak dié hulpmiddel sal vir hulle bruikbaar wees.

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za, klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

VAKATURES

Vakatures in Kerkbode geadverteer

'n Lys van vakatures vir predikante, ander kerklike amptenare en verwante kerklike instansies is gerieflik beskikbaar in die NG Kerk se amptelike kerkkoerant, Kerkbode. Dit word ook via die nuwe e-Kerkbode elektronies versprei na predikante en gemeentes, sowel as ander intekenare. Klik hier vir die jongste vakatures in die NG Kerk-familie: http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/

AFLOSPREDIKANTE

- Hennie le Roux: Preekbeurte – sel: 082 374 2208, epos: hennieleroux@yebo.co.za – Wesrand
- Zachie le Roux: Brugpredikant, preekbeurte – sel: 083 799 5911, epos: zachie.leroux@gmail.com – Randburg
- Dr Meyer de Kock: Termyn-aflos 4-6 weke op platteland – sel: 082 459 6707, epos: gelmi@absamail.co.za – Odendaalsrus
- Dr Henk Gous: Preekbeurte – sel: 083 267 0108 - epos: henkgous@mweb.co.za
- Hennie Lombard: Beskikbaar vir optredes op die Wesrand of selfs verder – tel: 011 672 4610 of 072 231 7626, epos: hennielombard@telkomsa.net
- Terence Cooke: Preekbeurte – sel: 0827759570, epos: cookie@telkomsa.net - Potchefstroom.
- Matthys Steyn: Preekbeurte en aflos – epos: grootthys@gmail.com, sel: 0824595139 - Wesrand
- Swannie Swanevelder: Poppekas-bediening - van voorskool tot hoërskool - sel: 072 187 0259 - Wesrand
- Andries Grobler: Brugbediening, kort en langer aflostermyne, preekbeurte - sel 081 341 0659 of 011 954 2357, epos: andries.grobler@gmail.com - Wesrand
- Johan Ainslie: Aflos, preekbeurte - sel: 083 310 9268 - Wesrand
- Elize Nel : Aflos preke ens. - sel: 082 475 2740 - Zeerust
- Benjan Knoetze: Preekbeurte, aflos - benjanknoetze@gmail.com - 082 505 2924 - Potchefstroom
- dr Theo Marais: Aflos, preekbeurte - theo@constantiakruin.co.za - 082 5700 769 - Wesrand
- Stanus Cloete: Afloswerk en preke - stanus@agosolf.co.za - 082 887 9600 - Randburg.
- prop Bernice Baard: Afloswerk en preke - 082 372 9339 - bernice1.baard1@gmail.com - Wesrand

Laat weet asseblief as jy beskikbaar is as aflospredikant, asook vir preekbeurte, of as jy van 'n proponent of emeritus-predikant in die gemeente weet wat beskikbaar is vir preekbeurte of aflos. Stuur assebblief kontakbesonderhede aan ds.noel@ngkgoudland.org.za

---

INTEKEN/KANSELLEER

- Ek wil asb inteken op GOUDPOS
- Kanselleer my intekening op GOUDPOS

(met dank aan Feldmuis)